NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2017

REKENINGKUNDE: VRAESTEL I

Tyd: 2 uur 200 punte

INLIGTINGSBOEKIE

VRAAG 1 VERVAARDIGING (37 punte; 22 minute)

Die inligting hieronder verwys na File Fanatics.

File Fanatics vervaardig houtliasseerkabinette. Hul finansiële jaar eindig op 31 Desember.

INLIGTING

A. Die volgende saldo's word in die voorraadrekeninge aangetref:

	31 Desember 2017	31 Desember 2016
	R	R
Voorraad grondstowwe	435 400	345 730
Voorraad indirekte materiaal	12 600	15 400
Voorraad goedere in bewerking	149 100	131 600

B. Grondstowwe:

- Kontant- en kredietaankope van grondstowwe vir die jaar het R2 100 000 beloop.
- Die boekhouer het die terugsending van grondstowwe aan 'n verskaffer verkeerd opgeteken as R2 151 in plaas van R21 510. Hierdie fout moet gekorrigeer word.
- Spoorvrag wat op grondstowwe betaal is, het R191 900 beloop. File Fanatics kwalifiseer gewoonlik vir 'n kontantkorting van 5% op hul spoorvragkoste. Die korting is hierdie jaar verkeerdelik weggelaat.

IEB Copyright © 2017

C. Direkte arbeid:

- File Fanatics het 13 werkers in diens wat direk by die produksieproses betrokke is.
- Elke werker het 2 920 normale ure gedurende die jaar gewerk teen 'n tarief van R115 per uur.
- 'n Produksiebonus van 7% van hul jaarlikse vergoeding is in Desember 2017 aan elke fabriekswerker betaal.
- Aftrekkings vir mediese hulp en WVF ten bedrae van R261 924 is van bruto lone afgetrek.
- Die onderneming het vir hierdie finansiële jaar R22 464 tot WVF bygedra vir die fabriekswerkers. Geen ander bydraes is gemaak nie.

D. Indirekte materiaal:

- Indirekte materiaal gedurende die jaar gekoop, R187 200. Alle indirekte materiaal word in die fabriek gebruik.

E. Bykomende inligting

Die **aantekening oor administrasiekoste** hieronder is deur die boekhouer opgestel op 31 Desember 2017:

	R
Huuruitgawe	409 500
Oninbare skuld	36 750
Versekering	73 360
Salarisse en lone	540 025
Water en elektrisiteit	22 500

Na noukeurige inspeksie van die aantekening hierbo is 'n aantal foute geïdentifiseer:

1. Die boekhouer het die oninbare skuld vir die jaar verkeerd toegewys.

2. Ingesluit in die syfer vir salarisse en lone hierbo is die salaris vir die fabrieksvoorman. Administrasiesalarisse het R312 625 vir die jaar beloop. Geen bykomende bydraes ten opsigte van die voorman se salaris of administrasiepersoneel is gemaak nie.

3. Die boekhouer het die hele huuruitgawe wat vir die jaar betaal is aan Administrasie toegewys aangesien hy nie seker was hoe om hierdie koste toe te deel nie. Huur moet toegedeel word in die verhouding 3 : 2 : 1 vir die fabriek, administrasie, en verkope en verspreiding.

4. Versekering wat betaal is, het R73 360 beloop. Die onderneming het sy versekering vir Januarie en Februarie 2018 vooruitbetaal en dit is ingesluit in die betaling. 80% van die versekering behoort aan die fabriek en die res word gelykop tussen die ander twee departemente verdeel. Daar was geen verhogings in die versekeringspremies gedurende die jaar nie.

IEB Copyright © 2017

5. Die boekhouer het die toedeling van water en elektrisiteit in die Administrasie-aantekening hierbo verkeerd verwerk. Hy het 20% van die koste aan administrasie toegewys in plaas van 25% van die koste. R14 375 van die totale koste moet aan verkope en verspreiding toegewys word en die res aan fabrieksbokoste.

IEB Copyright © 2017

VRAAG 2 MAATSKAPPY FINANSIËLE STATE (64 punte; 39 minute)

Die inligting wat volg, verwys na ITSIE BEPERK.

ITSIE BEPERK verskaf en installeer een spesifieke tipe dataprojektor. Die maatskappy herstel ook dataprojektors waarvoor hy 'n fooi vra.

- Die dataprojektors word teen 'n standaardprys van R7 600 per eenheid verkoop. ITSIE BEPERK pas 'n winsgrens van 60% op kosprys toe. In 'n poging om klante te lok het die verkoopsprys vir die afgelope 2 jaar onveranderd gebly.
- ITSIE BEPERK het 'n gemagtigde aandelekapitaal van 1 200 000 gewone aandele.
- Party van die syfers is in die antwoordboekie ingevoeg en dit is korrek.

INLIGTING:

A. Uittreksel uit die Finansiële State soos op 30 Junie:

	30 Junie 2017	**30 Junie 2016**
	R	**R**
Behoue inkomste	?	302 500
Lening: First Rand Finansiers	550 000	?
Aandeelhouers vir dividende	?	154 000
Totale verkope	?	3 420 000
Debiteureafslag	80 400	72 300
Huurinkomste	?	600 000

B. Aansuiwerings en bykomende inligting:

1. Die maatskappy het 'n toename van 12% in verkope vir die jaar geëindig 30 Junie 2017 aangemeld.

2. Debiteureafslag is die vorige jaar korrek opgeteken, maar is verkeerd hanteer in die Staat van Omvattende Inkomste vir 2017. Hierdie fout moet gekorrigeer word en die bedrag moet getoon word waar dit opgeteken moes gewees het.

3. Alhoewel hy sy huur dieselfde gehou het vir die finansiële jaar geëindig Junie 2016, het ITSIE BEPERK besluit om sy huur met 18% te verhoog op 1 April 2017.

4. Drie dataprojektors is aan die plaaslike skool geskenk as deel van sy inisiatief met die oog op sy korporatiewe sosiale verantwoordelikheid. Hierdie skenking moet as reklame hanteer word. Dit is nog nie opgeteken nie.

5. Volgens 'n fisiese voorraadtelling aan die einde van die jaar is daar twee dataprojektors weg en dit is vermoedelik gesteel.

6. Voorsiening vir oninbare skuld moet met R1 800 verhoog word.

IEB Copyright © 2017

7. Bedryfsuitgawes aan verkope soos op 30 Junie 2017 is 45%.

8. Direkteursgelde is die ontbrekende syfer in die Staat van Omvattende Inkomste en dit moet bereken word.

9. Die jaarlikse leningterugbetaling van R50 000 is op 1 Februarie gedoen. 'n Verhoging van 1% in die prima uitleenkoers is aangekondig en het op 1 Februarie 2017 in werking getree. ITSIE BEPERK betaal nou 15% p.j. rente op die lening. Rente word nie gekapitaliseer nie.

10. Die direkteure het op **30 Junie 2016** 'n finale dividend van 22 sent per aandeel verklaar.

11. 'n Bykomende 165 000 gewone aandele is op 1 Julie 2016 uitgereik teen R6,50 per aandeel.

12. Die direkteure het 'n finale dividend van 17 sent per aandeel verklaar op **30 Junie 2017**.

13. Na die verklaring van die finale dividend op 30 Junie 2017 is 55 000 gewone aandele teruggekoop teen R8 per aandeel. Die nodige inskrywings om die terugkoop op te teken, is gemaak. Die geweegde gemiddelde prys per aandeel op hierdie datum was R6,10.

14. Die verdienste per aandeel (VPA) soos op 30 Junie 2017 is 39 sent. Hierdie verdienste is van toepassing op alle aandele wat gedurende die jaar uitgereik was.

15. Volgens die Kontantvloeistaat vir die jaar eindigende **30 Junie 2017**:
    - 'n Invloei van R30 000 het voortgespruit uit 'n verandering in voorraad.
    - Dividende betaal, R400 000.

16. Die bedryfslaste vir die jaar het R337 500 beloop en die vuurproef-verhouding op 30 Junie 2017 was 1,25 : 1.

IEB Copyright © 2017

VRAAG 3 KONTANTVLOEISTATE (62 punte; 37 minute)

Die inligting wat volg, verwys na INGIVELA BEPERK.

A. Uittreksel uit die Staat van Omvattende Inkomste vir die jaar geëindig 31 Desember 2017:

Inkomstebelasting	R494 830

B. Uittreksel uit die Staat van Finansiële Posisie soos op 31 Desember:

	2017	**2016**
	R	**R**
TASBARE BATES		
Vaste bates	?	?
FINANSIËLE BATES		
Aandele in C2C Beperk	2 175 000	1 800 000
BEDRYFSBATES	**2 942 390**	**1 515 000**
Voorraad	1 463 550	517 500
Handels- en ander ontvangbare rekeninge	628 500	944 400
SAID – Inkomstebelasting	0	26 100
Kontant en kontantekwivalente	850 340	27 000
AANDEELHOUERSEKWITEIT	**8 952 170**	**6 227 500**
Aandelekapitaal	8 103 000	6 100 000
Behoue inkomste	849 170	127 500
NIEBEDRYFSLASTE		
Verbandlening	2 692 500	600 000
BEDRYFSLASTE		
Krediteurekontrole	656 700	247 500
Opgelope uitgawes (reklame)	13 050	7 500
SAID – Inkomstebelasting	53 550	0
Aandeelhouers vir dividende	157 500	412 500
Bankoortrekking	0	165 000

C. Bykomende inligting

1. Die netto wins voor belasting, plus die bytelling van waardevermindering en rente, is R1 962 010.

IEB Copyright © 2017

2. Masjinerie
   - 'n Lamineermasjien is op 30 Junie 2017 vir kontant verkoop teen die drawaarde daarvan. Die opgehoopte waardevermindering op hierdie masjien op 1 Januarie 2017 was R57 600.
   - Die vervangingsmasjien is op 1 September 2017 gekoop.
   - Waardevermindering op masjinerie word bereken teen 20% p.j. volgens die verminderendesaldo-metode.

3. Verbandlening
   - Die volgende leningstaat is van Eerste Internasionale Bank ontvang:

	R
Saldo op 1 Januarie 2017	600 000
Rente gekapitaliseer	63 000
Terugbetalings met inbegrip van rente	?
Nuwe lening	?
Saldo op 31 Desember 2017	2 692 500

   - Maandelikse leningterugbetalings met inbegrip van rente van R10 250 is gedurende die jaar gedoen.

4. Dividende
   - Die direkteure het 'n tussentydse dividend van R173 250 gedurende die jaar betaal.

5. Aandelekapitaal
   - 1 525 000 gewone aandele was aan die begin van die jaar uitgereik.
   - Op 1 Januarie 2017 is 'n verdere 475 000 gewone aandele uitgereik teen R4,50 elk.
   - Nadat die betrokke solvensie- en likiditeitstoetse uitgevoer is, het die direkteure op 31 Desember 2017 gewone aandele teruggekoop teen die geweegde gemiddelde prys per aandeel.

IEB Copyright © 2017

VRAAG 4 VOORRAAD (37 punte; 22 minute)

Die inligting wat volg, verwys na Rhodes Krieketverskaffers.

Rhodes Krieketverskaffers verkoop krieketkolwe en krieketsakke. Die volgende inligting het op die onderneming betrekking:

- Hulle gebruik die periodieke voorraadstelsel om hul voorraad op te teken.
- Krieketkolwe word gewaardeer deur die **geweegdegemiddelde-metode** te gebruik.
- Krieketsakke word gewaardeer deur die **EIEU- (eerste-in-eerste-uit-) metode** te gebruik.

A. Inligting wat uit die voorraadrekords vir **krieketkolwe** geneem is:

	Getal kolwe	**Eenheidskoste per kolf**	**Totale koste**
Beginvoorraad (1 Januarie 2017)	1 100		R939 500
Aankope:	15 000		R13 470 000
Februarie 2017	3 000	R900	R2 700 000
Maart 2017	4 000	R925	R3 700 000
Augustus 2017	6 200	R850	R5 270 000
Oktober 2017	1 800	R1 000	R1 800 000
Eindvoorraad (31 Desember 2017)	2 650	**?**	**?**
Verkope	13 430	R1 650	R22 159 500

Bykomende inligting aangaande krieketkolwe:

- 'n Aantal krieketkolwe is gedurende 'n roof in November 2017 gesteel.

B. Inligting wat uit die voorraadrekords vir **krieketsakke** geneem is:

	Getal sakke	**Eenheidskoste per sak**	**Totale koste**
Beginvoorraad (1 Januarie 2017)	50	R1 200	R60 000
Aankope:	3 050		R4 051 500
Maart 2017	1 000	R1 260	R1 260 000
Junie 2017	1 250	R1 350	R1 687 500
November 2017	820	R1 380	R1 131 600
Terugsendings vir November 2017	(20)	R1 380	(R27 600)
Eindvoorraad (31 Desember 2017)	**?**	**?**	**?**
Verkope	2 120	R1 940	R4 112 800

Bykomende inligting aangaande krieketsakke:

- 200 krieketsakke is aan verskillende plaaslike skole geskenk. Hierdie sakke is in Junie 2017 gekoop. Geen sakke is gesteel of het gedurende die jaar verlore geraak nie. Dit is nie opgeteken nie.

IEB Copyright © 2017